

## *Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond*

Theewaterskloof Landgoed 205  
Villiersdorp

Posbus 121  
6848 Villiersdorp

Sel: 082 355 3801

[www.henning.org](http://www.henning.org)

E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)

*Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November*

## Henning Betrokkenheid by FAK Genealogie & Familiefees by Voortrekkermonument



Die drie manne wat die Henning uitstalling by die Genealogiefees op 9 April 2022 by die Voortrekkermonument beman het. a2.b7.c8.d8.e1.f2.g2 Stanley Henning (links), sy seun, Heinrich (regs) en Louis Swanepoel, kleinseun van Bondsekreteraris, Olivier Henning (middel)

In die sogenaamde “nuwe Suid-Afrika” is dit mos “polities onaanvaarbaar” om op 6 April Stigtingsdag (of Van Riebeeckdag) te vier. Die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) het gevolglik besluit om ter herdenking van die stigting van ‘n VOC Verversingspos 370 jaar gelede, ‘n Genealogiefees op Saterdag 9 April 2022 by die Voortrekkermonument in Pretoria aan te bied.

Families wat georganiseerde familiebonde het, individue wat op hul eie navorsing na die geslagsregisters van families doen en ander organisasies met genealogiebande, soos die Hugenote Vereniging, Erfenisstigting, FAK en die Genealogiese Genootskap het uitstallings voorberei. Soos gewoonlik het die Henning Familiebond weer sy kant gebring!

Isabel Groesbeek, hoof van die FAK se Genealogie lessenaar het vooraf deur middel van verskeie radiostasies reklame vir die fees gemaak. Ons was baie trots toe

**In ou Baltiese dialek was Hen = Haan (manlik), Henne = Hen (vroulik). Henning = Haantjie (vriendelike bynaam vir ‘n jong lewenslustige en parmantige seuntjie)**



**Bo: Stanley en Heinrich Henning by die hoof tafel van die Henning Familiebond. Op die TV skerm word 'n film van die 1988 landwyse Henningfees gebeeldsênd. Onder: Louis Swanepoel en Heinrich**



die Afrikaanse radiostasie, RSG se aanbieder, Martelise Brink in haar onderhoud met Isabel Groesbeek veral klem gelê het op die Henning Familiebond se virtuele museum en nuusbriewe, waarvan nr 150 kort voor hierdie uitsending die lig gesien het. Geen ander familie in Suid-Afrika kom naby ons 150 nuusbriewe nie, wat oor 'n tydperk van amper veertig jaar gereeld elke drie maande gepubliseer is. **Dit is voorwaar 'n besondere mylpaal waarop ons baie trots is** en wat ook deur Martelise Brink raakgesien is.

Ongelukkig kon Bondsekretaris, Olivier Henning nie self die fees bywoon nie, maar het gereël dat al ons uitstalitems per koerier van Villiersdorp na

Pretoria en terug vervoer word — ongelukkig met groot uitgawes vir die familiebond.

Aan die anderkant was ons baie dankbaar dat drie manne bereid was om ons uitstalling op te slaan en vir die dag te beman: Stanley Henning van Wierdapark, Centurion en sy seun Heinrich, asook Louis Swanepoel, kleinseun van Olivier Henning. Ek was veral baie trots dat my eie kleinseun sy oupa kon verteenwoordig. Louis het aan die einde van 2021 'n B Sc graad in Elektotegniese Ingenieurswese by die PUK kampus van die Noord-Wes Universiteit verwerf en doen nou praktiese ondervinding op by 'n firma in Centurion om as Professionele Ingenieur te kwalifiseer.

Met die aanbreek van 9 April 2022 was ons bietjie bekommerd, want die weervoorspelling het 'n reënigerige dag voorspel, wat kon meebring dat baie besoekers afgeskrik kon word — **en toe daag daar soveel besoekers op dat die saal later nie almal kon huisves nie.**



**Bo en onder: Besoekers by die Henning uitstalling**



Ons het besluit om 'n volledige stel uitstalitems in Pretoria te berg wat by toekomstige feeste en uitstallings hier en in die omgewing gebruik sal kan word. Ongelukkig is daar 'n paar items, soos die Staatsheraldikus-registrasiesertifikaat van die Henning Familiebond wapen en verskeie oorspronklike negentiende eeuse Henning-dokumente en briewe wat te kosbaar en die risiko vir skade te groot is om heen en weer tussen die Kaap en Pretoria te stuur. Toekomstige Bondsekretarisse sal maar moet besluit waar die veiligste en beste plek sal wees om hierdie belangrike items te berg.

Hierdie fees/uitstalling het 'n ander dilemma vir die familiebond na vore gebring. Ons het gedurende die vroeë

1990's verskeie aandenkings, soos teelepels, suikerlepels, lapelwapens, mansjetknope en dan ook bierbekers en muurborde met die Henning wapen op, teen groot koste, laat vervaardig. Alles items wat pragtig vertoon en wat mens met trots aan ander mense kan wys. Ongelukkig was die koste per item so hoog dat ons besef het dat ons al hierdie items bykans net teen kosprys sal moet verkoop en dan kom versendingskoste nog by. Die stadige tempo waarteen mense bestellings geplaas het, het meegebring dat die familiebond eers sy geld drupsgewys oor meer as dertig jaar teruggekry het. Ons het dus besluit dat ons nie maklik weer sulke aandenkings sal laat vervaardig nie, omdat dit werklik nie lonend vir die familiebond is nie en ons dit in werklikheid ook nie maklik weer sal kan bekostig nie, want die vervaardiger vereis dat mens 'n groot getal items op 'n slag moet bestel.

Die laaste van ons suikerlepels en mansjetknope was voor hierdie fees al verkoop, maar ons kon darem die heel laaste lapelwapen, bierbeker en muurbord by die fees vertoon – plus die laaste 30 teelepels.



**Die Krugergallery vanaf die Henningtafel. Daar was later amper nie meer plek vir 'n muis nie**

koop nie, tensy ons 'n aanduiding van alle Hennings kan kry dat hulle sou belangstel om weer bestellings te plaas.

Ons het ondervind dat die goedkoopste versendingsdiens deesdae Pepstores is. 'n Pakkie wat 1kg of minder weeg kos slegs R60.00. Dan moet dit by die koper se naaste Pepstore afgehaal word.

Ons sal dit baie waardeer as soveel Hennings as moontlik vir ons laat weet of u sou belangstel om in die toekoms van hierdie items te bestel en watter items u in belang sou stel.

## 'n Ou Henning Familie Raaisel Opgelos


Onlangs het 'n Lynn (Lynette) Smith van Sydney, Australië my gekontak en uitgevra oor Gerhardus Francois Henning (a2.b7.c7.d2) in die Henning Familiiekroniek, van wie ons net die geboortejaar, 1855, kon bevestig. Hierdie Gerhardus Francois (of Gert Frans) Henning se geskiedenis was in geheimenis gehul. Met die bewysstukke wat Lynn Smith opgespoor het kon ons nou die volle geskiedenis van hierdie Henning te boek stel.

Ons begin hierdie verhaal by Gerhardus Francois se pa, a2.b7.c7. Philippus Arnoldus Henning \* 22-5-1831. Philippus Arnoldus Henning van die plaas Waterval, distrik Aliwal-Noord (later Lady Grey) het vanaf sy kinderjare 'n kleurvolle geskiedenis gehad. Sy ouers en hulle kinders het vanaf 1837, toe Philip ses jaar oud was, tot 1841 in 'n holkrans diep in die Kramberge (deel van die Stormberge) gewoon. Hierdie is een van mees onherbergsame dele



**a2.b7.c7. Philippus Arnoldus Henning \*22-5-1831 en sy vrou, Petronella Christina Dempsey \*8-8-1836. Die kiere wat hy vashou behoort vandag aan Bondsekreteraris, Olivier Henning**

van Suid-Afrika waar slegs die Boesmans voor hulle probeer woon het, terwyl sy pa, Gert Frans Henning \*1-4-1785 na 'n geskikte terrein gesoek het waar hy 'n groot genoeg dam kon bou om enige droogte te weerstaan. Hierdie is die gebied waar die koudste temperature in Suid-Afrika in die winter gemeet word — tot so laag as minus 20 grade Celsius.



**Die plaasdam wat a2.b7. Gert Frans Henning en sy kinders - onder andere die 10-jaar oue Philippus Arnoldus (c7) - vanaf 1841 op die plaas, Damfontein gebou het. Hierdie dam lewer vandag nog water aan hierdie plaas. Foto einde van 19de eeu, gedurende 'n droeë tydperk geneem. Let op die ossewa langs die dam**

In 1841, nadat hy drie jaar lank gesoek het, het pa Gert Frans 'n geskikte plek gevind en sy plaas, wat hy die naam Damfontein gegee het, afgebaken. Philippus het dus die res van sy kinderjare op Damfontein grootgeword. As 'n tien-jaar oue seuntjie moes selfs hy help om die dam te bou. Alle kinders wat al sterk genoeg was om 'n klip so groot en swaar as 'n baksteen op te tel, moes help klippe aandra. In daardie jare was daar geen ander arbeiders

wat kon help nie. Eers teen die einde van die negentiende eeu, het enkele Xhosas tot by hierdie afgeleë dele van die Noord-Oos-Kaap gestap om 'n bietjie kos te kom bedel en 'n werkie te soek.

Na Philippus Arnoldus se troue met Petronella Christina Dempsey \*8-8-1836 het hy sy eie plaas, Waterval in die distrik van Aliwal-Noord (later Lady Grey) gekoop en daar gaan woon. Hulle het uiteindelik elf kinders gehad.

Slegs met een van Philippus Arnoldus - en Petronella Christina Henning se kinders – hul seun (die tweede kind) Gerhardus Francois (\*a2.b7.c7.d2) – kon ek nie alle gegewens opspoor nie. Tydens my navorsing na hierdie familie, het ek op verskeie bewysstukke van Gerhardus Francois Henning afgekom, maar anders as al sy broers en suster waar ek meeste se doopregisters opgespoor het, kon ek net uitvind dat hy in êrens in 1855 gebore is.

Ek het ook gevind dat sy name op sommige dokumente as Gert Francois of Gert Frans aangeteken was — soos sy oupa. Hy het op sy pa se plaas, Waterval in die distrik van Aliwal-Noord (later Lady Grey) grootgeword.

Hierdie Gerhardus Francois se geskiedenis het met verloop van jare tot een van die grootste geheimenisse in die Henning geskiedenis na vore getree.

4640 (46)

**DEATH NOTICE.**

Pursuant to the Provisions contained in Section 9, Ordinance 104.

1.—Name of the Deceased. *Elizabetha Catharina Henning*

2.—Birth-place of the Deceased. *Olival North*

3.—Names of the Parents of the Deceased. *Marthinus Christoffel Henning Hester Magdalena Henning, born Van Zyl*

4.—Age of the Deceased. *Twenty one years*

5.—Condition in life. *Farmer's wife*

6.—Married or unmarried, Widower or Widow. *Married to Gerh Fran Henning*

7.—The day of the decease. *9th October 1877*

8.—At what House, or where the Person died. *at the residence of her husband, Hillbury district Wodehouse*

9.—Names of the Children of Deceased and whether Minors or Majors.  
*Hester Magdalena  
Petronella Christina*

10.—Whether Deceased has left any Property, and of what kind. *Share of the farm Hillbury & 500 sheep 10 head breeding cattle, 14 oxen, household furniture & horses.*

If the Deceased is not a married Person, or not married in community of Goods,—or has left no Will,—this Notice must be made within Six Days after the death. If otherwise, it must be made within Six Weeks.

\* \* \* It must be filled up and signed by the nearest Relative or Connection of the Deceased who shall at the time be at or near the place of death,—or in the absence of such near Relative or Connection, by the person who shall have the chief charge of the House in or the Place on which the death shall occur; and must be sent either to the Master in Cape Town or to the Resident Magistrate of the District, if within Six Hours' distance; if at a greater distance, it must be forwarded to the Field-cornet of the District.

*J. W. Henning  
Clerk in favor of Deceased*

**Die sterfregister van Gerhardus Francois Henning se eerste vrou wat in die ouderdom van 21 jaar vermoor is.**

Na sy huwelik met sy niggie, Elizabeth Catharina Henning \*24-9-1856 (dogter van Marthinus Christoffel Henning en sy vrou Hester Magdalena [gebore Van Zyl]) bly hulle aan op sy pa se plaas, Waterval waar hulle twee dogtertjies, Hester Magdalena (vernoem na haar oma aan haar ma se kant) \*1-3-1873 en Petronella Christina (vernoem na haar oma aan haar pa se kant) \*1-1-1876 gebore word.

Gedurende hierdie tyd verkry Gerhardus die plaas Hillbury in die Wodehouse distrik, met naaste dorp Dordrecht en hy en sy vrou tjie en hul twee dogtertjies gaan boer daar. Op 9 Oktober 1877 word Gerhardus se vrou tjie, Elizabeth deur 'n mak boesman op hul plaas vermoor.

Met twee dogtertjies van 4-jaar en 21 maande is daar geen manier wat hy, as 'n plaasboer, alleen na hulle kan omsien nie en hulle gaan bly weer by oupa Philip en oma Petronella

op hul plaas, Waterval. Maar weer tref 'n groot tragedie hom. Beide dogtertjies sterf kort na mekaar op 22-6-1880 en 4-8-1880 in die ouderdomme van sewe jaar en vyf maande en vier jaar en ses maande.

Op 24 Januarie 1883 trou Gerhardus Francois weer in Burgersdorp met Susanna Laseya Pelsler. Hulle woon steeds op die plaas Waterval en hy en Susanna het vier

kinders, Anna Martha \*14-10-1883; Petronella Christina \*26-6-1885; Philippus Arnoldus \*24-10-1887 en Hendrina Johanna \*3-10-1889.

**STERFKENNIS.** 12929

Overeenkomstig de Wet op de Weeskamer, 10 November 1893.

---

Naam van den Overledene:— *onbekend Gerhardus Francois Henning*

Geboorteplaats van den Overledene— *Kaap Kolonie*

Naam der Ouders:— *onbekend*

Ouderdom:— *omkrent vierlig jaar - geboreu 24 Oct 1857*

Beroep:— *Boer en transportryder*

Getrouwd of ongetrouwd:— *getrouwd met Maria Susanna*  
 Weduwnaar of Weduwe:— *Henning geboren Vorster*

Datum van overlijden:— *23 Mei 1897*

Waar gestorven:— *te Pietersburg*

Of er testament bekend is:— *Testament by notaris vankeeren*

Of er roerende of onroerende goederen of beelden zijn nagelaten:— *alleen onroerende*

Is de boedel naar gissing boven de £25.— *Boven de £25.*

Namen der kinderen, mondig of onmondig:— *geen in leven*  
—Namen der onmondigen voluit met datum der geboorte  
*1. H. G. Jan. Henning*  
*2. H. G. Joh. Henning*  
*3. H. G. Petronella Henning*  
*4. H. G. Hendrina Henning*  
*5. H. G. Philippus Henning*  
*6. H. G. Anna Henning*  
*7. H. G. Maria Henning*  
*8. H. G. Petronella Henning*  
*9. H. G. Hendrina Henning*  
*10. H. G. Philippus Henning*  
*11. H. G. Anna Henning*  
*12. H. G. Maria Henning*  
*13. H. G. Petronella Henning*  
*14. H. G. Hendrina Henning*  
*15. H. G. Philippus Henning*  
*16. H. G. Anna Henning*  
*17. H. G. Maria Henning*  
*18. H. G. Petronella Henning*  
*19. H. G. Hendrina Henning*  
*20. H. G. Philippus Henning*  
*21. H. G. Anna Henning*  
*22. H. G. Maria Henning*  
*23. H. G. Petronella Henning*  
*24. H. G. Hendrina Henning*  
*25. H. G. Philippus Henning*  
*26. H. G. Anna Henning*  
*27. H. G. Maria Henning*  
*28. H. G. Petronella Henning*  
*29. H. G. Hendrina Henning*  
*30. H. G. Philippus Henning*  
*31. H. G. Anna Henning*  
*32. H. G. Maria Henning*  
*33. H. G. Petronella Henning*  
*34. H. G. Hendrina Henning*  
*35. H. G. Philippus Henning*  
*36. H. G. Anna Henning*  
*37. H. G. Maria Henning*  
*38. H. G. Petronella Henning*  
*39. H. G. Hendrina Henning*  
*40. H. G. Philippus Henning*  
*41. H. G. Anna Henning*  
*42. H. G. Maria Henning*  
*43. H. G. Petronella Henning*  
*44. H. G. Hendrina Henning*  
*45. H. G. Philippus Henning*  
*46. H. G. Anna Henning*  
*47. H. G. Maria Henning*  
*48. H. G. Petronella Henning*  
*49. H. G. Hendrina Henning*  
*50. H. G. Philippus Henning*  
*51. H. G. Anna Henning*  
*52. H. G. Maria Henning*  
*53. H. G. Petronella Henning*  
*54. H. G. Hendrina Henning*  
*55. H. G. Philippus Henning*  
*56. H. G. Anna Henning*  
*57. H. G. Maria Henning*  
*58. H. G. Petronella Henning*  
*59. H. G. Hendrina Henning*  
*60. H. G. Philippus Henning*  
*61. H. G. Anna Henning*  
*62. H. G. Maria Henning*  
*63. H. G. Petronella Henning*  
*64. H. G. Hendrina Henning*  
*65. H. G. Philippus Henning*  
*66. H. G. Anna Henning*  
*67. H. G. Maria Henning*  
*68. H. G. Petronella Henning*  
*69. H. G. Hendrina Henning*  
*70. H. G. Philippus Henning*  
*71. H. G. Anna Henning*  
*72. H. G. Maria Henning*  
*73. H. G. Petronella Henning*  
*74. H. G. Hendrina Henning*  
*75. H. G. Philippus Henning*  
*76. H. G. Anna Henning*  
*77. H. G. Maria Henning*  
*78. H. G. Petronella Henning*  
*79. H. G. Hendrina Henning*  
*80. H. G. Philippus Henning*  
*81. H. G. Anna Henning*  
*82. H. G. Maria Henning*  
*83. H. G. Petronella Henning*  
*84. H. G. Hendrina Henning*  
*85. H. G. Philippus Henning*  
*86. H. G. Anna Henning*  
*87. H. G. Maria Henning*  
*88. H. G. Petronella Henning*  
*89. H. G. Hendrina Henning*  
*90. H. G. Philippus Henning*  
*91. H. G. Anna Henning*  
*92. H. G. Maria Henning*  
*93. H. G. Petronella Henning*  
*94. H. G. Hendrina Henning*  
*95. H. G. Philippus Henning*  
*96. H. G. Anna Henning*  
*97. H. G. Maria Henning*  
*98. H. G. Petronella Henning*  
*99. H. G. Hendrina Henning*  
*100. H. G. Philippus Henning*

*1897*

*H. G. Jan. Henning*  
*1897*

*verlypente*  
*ochtergetuige*

**Die sterfregister van Gerhardus Francois Henning, waar sy beroep – boer en transportryder – duidelik angeteken is. Sy geboortejaar word egter geskat**

Gedurende 1892 vertrek Gerhardus met twee waens vol mielies na Suid-Rhodesië (Zimbabwe). Op 'n stadium het hy £400 (pond) vanaf Bulawayo na sy broer Jan (d6.) gestuur. Die laaste wat van hom gehoor is, was dat hy steenkool vanaf Umtali na Bulawayo gery het. Na twee jaar is hy vermis en is daar nooit weer iets van hom gehoor nie.

Volgens oorlewering het Gert 'n horlosie van sy broer Jan (Jan Jacobus d6.) gekry. Baie jare nadat hy vermis geraak het, het 'n afgetrede Vrederegter van Rhodesië aan Gert se dogter Petronella (e4.) vertel van 'n horlosie wat hy by 'n swart stamkaptein gekry het. Die voorletters J.J.H. was daarop geografeer. Dit is die voorletters van Gert se broer Jan (d6.) wat die horlosie aan hom gegee het. Daar is vermoed dat Gert Frans in Rhodesië vermoor is. Dit is waar die spoor van Gerhardus Francois Henning doodgeloop het.

Tydens my navorsing het ek ook op die sterfregister van 'n Gerhardus Francois Henning \* 24-10-1855, van wie die ouers ten tye van sy dood onbekend was en op 23-5-1897 te Pietersburg oorlede is, ter insae gekry. Volgens

hierdie sterfregister was hierdie Gerhardus Francois met 'n Maria Susanna Vorster getroued. Ten

spyte van intensiewe navorsing kon ek destyds hierdie Gerhardus Francois nêrens anders inpas nie, maar het vermoed dat dit baie moontlik hierdie Gerhardus Francois kon wees omdat die sterfregister aangedui het dat hierdie persoon ook 'n "boer en transportryder" was — presies dieselfde beroep as ons Gerhardus Francois. Sy eggenote se naam het egter nie by ons prentjie ingepas nie en die geboortejaar op die sterfregister the verskil, hoewel op die sterfregister duidelik aangedui word dat dit geskat is.

Lynn Smith het egter verskeie bewysstukke vir my gestuur wat bewys dat die Pietersburg Gerhardus Francois beslis die Aliwal-Noord (Lady Grey) / Dordrecht Gerhardus Francois is, soos wat ek vermoed het, maar sonder stawende bewyse nie in die familiechroniek kon opneem nie:

1. Susanna Laseya Henning (gebore Pelsler), tweede vrou van Gerhardus Francois Henning het in 1893 - 'n jaar nadat hy met sy twee waens na Rhodesië vertrek en verdwyn het - hom vir 'n egskeiding gedagvaar, wat deur die hof toegestaan is.
2. Lynn kon ook 'n afskrif van die huweliksregister van die Landdros van Pietersburg vir my stuur wat bewys dat die transportryer, Gerhardus Francois Henning op 1-8-1895 te Pietersburg getrou het met Maria Susanna Vorster.
3. Sy het ook die doopregister van haar ouma, Paulina Elizabeth Henning \*20-6-1895, dogter van Gerhardus en Maria wat op 18-6-1897 in die Katolieke kerk te Pietersburg gedoop is, vir my stuur. Maria was alleen by die doop teenwoordig, want Gerhardus is net die vorige maand op 23-5-1897 oorlede.

Met hierdie bewysstukke kon ons nou Gerhardus Francois Henning \*24-10-1855 se verhaal voltooi.



**Paulina Elizabeth Henning \*20-6-1895, enigste dogter van Gerhardus Francois Henning en Maria Susanna Vorster, saam met haar man William Taylor Mitchell en hul oudste seun, Gordon Henning Mitchell**

Gerhardus en sy derde vrou, Maria Susanna (gebore Vorster) se enigste dogter, Paulina is skynbaar gebore op 'n plaas met die naam, Houtrivier in die Pietersburg distrik. Na Paulina (sy is Pauline genoem) se troue met William Taylor Mitchell gedurende 1916 te Pietersburg, gaan woon hulle te Bandolierskop. Teen 1928-29 toe hulle vier kinders gehad het, besluit hulle om na Australië te emigreer en gaan woon in Sydney. Hulle sit egter hul oudste twee kinders, Gordon Henning Mitchell en Hector Taylor Mitchell in 'n kindershuis in Johannesburg en neem slegs die ander twee kleiner seuntjies, Roy Kerr Breamer Mitchell en Kenneth Ross Mitchell saam. In Australië het hulle 'n verdere vier kinders: Maria Headrick Mitchell, Douglas Mitchell, Pauline Elizabeth Mitchell en Eric Mitchell.

Maria Headrick Mitchell (noemnaam Mary) is te Sydney, Australië gebore op 24-3-1930 en sy trou gedurende Augustus 1953 met Alwyn Beach Smith. Hulle is die ouers van Lynette Rosina Smith (noemnaam Lynn), wie al die geheime vir ons ontrafel het.

## Stamvader se ma se name

Tot en met die negentiende eeu het baie kerke in Europese lande met die doop van babas net die naam van die pa en die peetpa van die baba vermeld. Die ma se name is nooit in die doopregisters aangeteken nie. Kyk gerus die afdruk uit die doopregisters van die Evangeliese Kerk, Lippstadt van ons ou stamvader Peter Henrich Henning se doop hieronder. Net sy pa en sy peetpa, Syndicus Clüsener se name word verstrek. (By die pa is net die afkorting van sy name aangeteken en nie eens sy volle name Johannes Gerhard nie) Ons het oor jare alle moontlike rekords probeer raadpleeg om Peter Henrich se ma se name op te spoor, maar sonder sukses.

Onlangs blaai ek deur die rekords van die Mormoonse Kerk en EUREKA!! Daar kry ek die naam van die vrou van Johannes Gerhard Henning en al hulle kinders. Die kinders se besonderhede stem ooreen met dit wat ekself in 1980/81 opgespoor het.

Die **ma se name was Anna Maria Kramer**. Ongelukkig is dit al besonderhede wat verstrek word. Geen geboorte besonderhede nie; geen ouers se name nie. Net haar naam — maar ons is dankbaar dat ons hierdie geheim nou na 42 jaar opgespoor het.

Ev. Kirchengemeinde  
Brüderstr. 13  
4780 Lippstadt

29. DEZ. 1983

Getaufte 1740

Buch 1 S. 343

24. Dezember:

*24. Dec. Johann Gerdt Henning ein Söhnl. durch Herrn Dr. (=Dreckmann)  
get. N. Peter Henrich. Pate: Herr Syndikus Clüsener.*

"Johann Gerdt Henning ein Söhnl. durch Herrn Dr. (=Dreckmann)  
get. N (Namen) Peter Henrich. Pate: Herr Syndikus Clüsener."

Gewaarmerkte uittreksel van die doop van Peter Henrich Henning, stamvader van 90% van die Hennings in Suid-Afrika uit die doopregister van die Evangeliese Lutherse Kerk, Lippstadt, Duitsland. Hier kan gesien word dat slegs sy pa se noemname en sy peetpa se name verstrek word

## ‘n Jong werkende Henning presteer

Soos ons in die openingsartikel gemeld het, het Heinrich Henning saam met sy pa Stanley en Louis Swanepoel, kleinseun van Bondsekretaris, Olivier Henning die Henning uitstalling by die FAK Genealogiefees op 9 April 2022 by die Voortrekkermonument beman.

Ons wil graag meer oor hierdie jongman se prestasies vertel. a2.b7.c8.d8.e1.f2.g2.h1.Heinrich George Henning, is op 11-3-1988 te Voortrekkerhoogte gebore, maar hy was die enigste baba wat op Sondag 10 Oktober 1988 in die NG Kerk Aliwal-Noord, tydens die eerste landwyse Henning Fees gedoop is. Die predikant was Ds Willie Henning van Hanover. Heinrich was die vyfde geslag van sy familie wat agtereenvolgens in die NG Kerk Aliwal-Noord gedoop is - hyself, sy pa Stanley, sy oupa Olivier, sy oupagrootjie Stanley en sy groot oupagrootjie Olivier (O J). Dan het sy oupa se oupa – ook Olivier (O J G C) – 'n belangrike rol in die bou van die eerste kerkgebou in Aliwal-Noord gespeel en was ook die eerste voorsanger in die kerk

As laerskool leerling (Gr.7) aan Wierdapark Laerskool kry hy reeds goedkeuring deur die onderwysdepartement om Rekenaarstudie (Gr.10) te neem en stof hy sommer heelwat van die hoërskool leerlinge uit waarmee hy saam die vak geneem het. Hy skryf Rekenaarstudie Gr12 op die jonge ouderdom van 16 en behaal gemaklik 'n B.



**a2.b7.c8.d8.e1.f2.g2.h1.Heinrich George Henning  
\*11-3-1988 wat nie net in Rekenaarwetenskap  
uitsonderlik presteer nie, maar ook op  
kultuurgebied sy deel begin doen**

Hy slaag Matriek met onderskeiding aan Hoërskool Eldoraigne in 2006. Daarna skryf hy in by Universiteit van Pretoria en verwerf sy BSc Rekenaarwetenskap graad Cum Laude in 2009. Tydens sy studies word hy aangestel by die rekenaar-departement as deel van die span wat web applikasies waarmee die rekenaar-departement se dosente en studente vak besonderhede ruil, take oplaa en op 'n forum kan klets, te help bou en onderhou.

Aan die einde van sy studies word Heinrich deur

verskeie Inligting Tegnologie (IT) maatskappye genader om aansoek te doen vir poste in Sagteware Ontwikkeling by hulle. Hy gaan werk aanvanklik by Fourier, daarna by 5th Dimension Technologies (5DT) en toe MyRoof.

Die afgelope paar jaar werk hy vir IsoMetrix en is hy in 2018 bevorder tot die firma se hoof Sagteware Argitek.

As sagteware argitek moet hy verskeie tegniese implementerings beplan, koördineer en laat uitvoer asook navorsing en ontwikkeling doen om die maatskappy kompetender en inoerend te hou.

Heinrich het die Hennings op Vrydag 8 April 2022 baie trots gemaak toe hy as 'n gas-dosent genooi is om by die UP op te tree. Die Universiteit het dit goed gedink om sy praktiese ervaring en goeie kennis terug te ploeg as deel van die studente se opleiding en is hy genader om 'n lesing aan te bied aan die finale jaar studente oor

sagteware argitektuur in die praktyk en daar sal ook vrae gestel word uit sy lesing aan die einde van die jaar om te kan slaag.

Heinrich is 'n gebalanseerde jong man wat weekliks bergfiets ry en hou van uitdagende veldrenne. Hy oefen ook by die gimnasium en ken verskeie oosterse gevegskunste.

Soos gemeld, skroom hy as 'n jong man nie om te help met familie kultuur-bedrywighede nie en het die Henning tafel help beman op 9 April 2022 gedurende die FAK se Genealogie familie fees by die Voortrekkermonument.



**a2.b1.c8.d6.e8.f1.g3. Jozef Hendrick Henning, pa van wyle Jacques Henning saam met sy latere vrou, Lyndy op die Karibiese eiland Antigua. Jozef is gedurende 2017 by sy huis vermoor**



**ONS HERDENK DIE LEWE VAN  
Meisie de Lange**  
25 September 1937 – 20 Februarie 2022

## Sterftes

Ons het verneem van die afsterwe van a2.b1.c8.d6.e8.f1.g3.h1. Jacques Henning \*6-6-1977 op 22-1-2022. Jacques was die seun van Jozef Hendrick Henning en sy eerste vrou, Theresa Nel. Ons kon geen verdere besonderhede opspoor nie – slegs sy boedelkennisgewing in een van die dagblaaie.

Jacques se pa, Jozef het gedurende 2010 saam met sy nuwe vrou, Lyndy na die Wes-Indiese eiland, Antigua verhuis, waar hulle saam met Lyndy se kinders uit 'n vorige huwelik gaan woon het. In 2016 keer hy terug na Suid-Afrika, terwyl sy vrou agterbly in Antigua, met die doel om by hom aan te sluit sodra hy weer werk gekry en gevestig het. In 2017 verhuis hy na Henley-on-Klip, Meyerton waar hy op 5 Mei 2017 by sy huis ingewag en brutaal deur misdadigers vermoor is. Die motief blyk moord te gewees het.

Ons het ook verneem van die afsterwe van a2.b6.c3.d3.e4.f4.g9. **Maria Magdalena De Lange (gebore Henning) \*25-9-1937 op 20-2-2022.**


Maria Magdalena de Lange, gebore Henning is op 25 September 1937 te Roedtan (naby Potgietersrus - Mokopane) gebore. Sy sterf op 20

Februarie 2022, in die rype ouderdom van 84 jaar. Haar noemnaam was "Meisie". Sy was die derde jongste kind van Tjaart Johannes Henning en Gertruida Jacoba De Beer. Meisie het groot geword op Marken in die bosveld, was daar op laerskool en van daar na Piet Potgieter Hoërskool waar sy haar man, Frikkie de Lange ontmoet het. Frikkie en Meisie is in 1957 getroud en uit die huwelik van 56 jaar is vier kinders gebore. Sy en haar man, Frikkie het ook sewe kleinkinders en 13 agterkleinkinders gehad. Met baie liefde en deernis het Meisie haar kinders grootgemaak, geleer van liefde, geloof en hoop. Haar hande het vir niks verkeerd gestaan nie. Meisie was 'n tuisteskepper van formaat, baie lief vir bak, kook, tuinmaak en in vele huise hang van haar pragtige skilderye. Frikkie en Meisie het vir 40 jaar op Potgiersrus of die plaas naby Roedtan gewoon. Die laaste 24 jaar van haar lewe het sy en Frikkie na Menlo Park, Pretoria verhuis. Sy was geweldig trots op haar afkoms as 'n Henning, die Henning Familiekroniek het sy in detail bestudeer en die familiebond nuusbriewe was haar gunsteling postuk.



**a2.b6.c1.d3.e5.f3.g5.h1.i4. Willem Henning, gebore 9-3-1971 saam met sy suster, Christa Malherbe se twee dogters, Sansha - (32) en Mieke van der Merwe (28)**

**Afsterwe a2.b6.c1.d3.e5.f3.g5.h1.i4. Willem Henning \* 9-3-1971.** Willem was die jongste van vier kinders van Pieter Hendrik Henning \* 12-1-1941 en sy vrou, Susanna Catharina Magdalena (gebore Ralph) \* 18-5-1943. Willem was skynbaar van kindsbeen af nooit baie gesond nie en kon nooit aan enige sport deelneem nie. Sy hart het altyd groot probleme veroorsaak. Weens sy swak gesondheid is hy nooit getroud nie en het saam met sy ma op Bethlehem gewoon. Hy het vir Telkom gewerk. Teen die einde van sy lewe was hy 53 dae lank in die Intensiewe Sorgeenheid in 'n hospitaal in Pretoria, voordat hy uiteindelik op 9 Junie 2022 gesterf het.



**a2.b1.c6.d8.e8.f10. Gideon Gerhardus Henning \*20-4-1951 wat vermoedelik gesterf het aan 'n hartaanval, terwyl hy op die Vanderbijlpark – Potchefstroompad naby sy huis gery het**

**Afsterwe a2.b1.c6.d8.e8.f10. Gideon Gerhardus Henning \*20-4-1951.**

Gideon Gerhardus Henning \*20-4-1951 (noemnaam, Bill omdat hy so 'n groot baba met sy geboorte was) was die tiende van elf kinders. Hy gaan skool by laerskool, De Deur en Dr Malan hoërskool te Meyerton.

Hy doen sy vakleerlingskap as passer en masjinis by Rand Waterraad se Zwartkopjes tak in 1968 en word later as Turbine Tegnikus aangewend.

Hy werk die grootste gedeelte van sy loopbaan by Elca engineering, Vanderbijlpark Later tot sy aftrede in 2014 werk hy by SIEMENS, Wadeville. Daarna gaan boer hy met beeste en skape op Lindequedrift.

Hy speel rugby vir Everite rugbyklub en was lief vir see visvang, wild jag, kosmaak, die natuur en sy plaasdiere.

Op 12 Mei 1973 ontmoet hy sy toekomstige eggenoot en die liefde van sy lewe Joey Le Roux.(Johanna Doretea) en hulle trou op 31 Augustus 1974 in die NG Kerk Vaalrivier.

Bill sterf op 14 Mei 2022 vermoedelik aan 'n hartaanval terwyl hy bestuur het op die Vanderbijlpark - Potchefstroompad.

Sy broer, Pieter Oelof Henning se dogter, Linda het versoek dat ons moet meld dat haar oom Bill, haar en haar suster, Alida se held was. Hulle was baie lief vir hom. Hy het hulle altyd laat lag. Volgens Linda het haar oom Bill 'n goeie hart gehad.

## Babas

a2.b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3.i3. Ds Jacobus Adriaan Gerhardus (Kosie) Henning \*16-7-1993 en sy vrou Carlizé (gebore Snyman) se tweede seuntjie Jan-Carel is op 7 April 2022 te Pretoria gebore. Ds Kosie is deesdae die predikant by die Gereformeerde Kerk Daspoort, Pretoria.



Dan het ons ook verneem dat a2.b7.c8.d8.e5.f5. Rubina Theunissa (Runa)(van Straaten, gebore Henning) en haar man Simon Sauer (noemnaam Sauer) van Straaten se jongste dogter, Runé en haar man, Jean van Biljon wat in Kimberley woon, op 28 Junie 2022 'n tweede seuntjie ryker geword het – en sy naam Henri Sauer van Biljon. Hierdie knapie het by geboorte 'n allermintige 3,9 kg geweeg. Oupa Sauer en ouma Runa van Straaten het spesiaal Kimberley toe gereis om ouboet Jean-Louis op te pas en natuurlik ook om die nuwe aankomeling te verwelkom.

**Die pasgebore Henri Sauer van Biljon wat met geboorte 'n allermintige 3,9kg geweeg het. Sy ouma, Runa van Straaten (gebore Henning) is baie trots op hierdie bulletjie**

## Groot Mediese Terugslag vir Bondsekretaris

Op 2 Mei 2022 word Bondsekretaris, Olivier Henning as 'n noodgeval by 2 Militêre Hospitaal, Wynberg opgeneem — skynbaar met 'n galsteen wat in sy pankreas vasgesteek het. Tydens die toetse gebeur daar dinge wat skynbaar permanente letsels op sy gestel kan laat en hy draai by die dood om.

Na maande is Olivier nog baie swak en dit is duidelik dat hy baie moeilik met sy take as Bondsekretaris sal kan voortgaan. (Die grootste gedeelte van hierdie nuusbrief het hy gelukkig voor sy terugslag reeds saamgestel). Hyself, plus Jannetta

Steyn en Rudolf Henning het die situasie deeglik in oënskou geneem en besef dat daar aanpassings gemaak sal moet word. Die volgende het duidelik geword:

Aan die negatiewe kant blyk dit dat die gereelde kwartaallikse nuusbriëf in alle waarskynlikheid in sy huidige formaat in die slag sal bly en net uitgegee word as daar genoeg, geskikte nuus ontvang word :

- a. omdat daar niemand anders is wat werklik die tyd het om nuuswaardige berigte van huidige en afgestorwe Hennings uit te snuffel en in nuusbriëf-formaat op te stel (en ook nog te vertaal nie);
- b. die stroompie donasies wat die familiebond ontvang raak kleiner en kleiner en dek tans slegs die heel noodsaaklikste uitgawes, soos Internet diens, ink of “toner” vir die druk van papier nuusbriëwe vir mense wat nie E-Posfasiliteite gebruik nie - en dan het die posdiens so swak geword dat meeste nuusbriëwe nie hulle bestemming bereik nie. Olivier het self uit eie sak baie uitgawes begin dra en dan dra Jannetta Steyn al baie jare uit eie sak reeds die koste om die Henning webwerf op internet in stand te hou.

Aan die positiewe kant blyk dit dat die byhou van die Familiekroniek en die Henning webwerf voort sal gaan, mits alle Hennings ons laat weet van wysigings in hulle familiekring.

Daar is groot getalle Hennings wat ‘n facebookblad het, maar wat nog nie in die Familiekroniek opgeneem is nie. Ons merk dat baie mense met ‘n facebookblad familie het of bevriend is met mense wat in die familiekroniek opgeneem is. Ons wil graag ‘n beroep op u doen om u familie/ vriende aan te moedig om hulle volle besonderhede vir ons te stuur. Die huidige E-Posadres – olie4@henning.org sal steeds geld, totdat u van ‘n nuwe adres voorsien word. **Ons sal ons E-Pos-kontaktelys byhou om kontak met soveel Hennings as moontlik te behou.**

Dit was vir my, Olivier Henning ‘n eer en voorreg om tot nou toe oor 42 jaar die geskiedenis van hierdie familie te kon navors en aan te teken en **ek sal, sover as ek daartoe in staat is, voortgaan om my kant te bring.** Dit is met ‘n traan in die oog dat ek besef dat ek moontlik eersdaags heeltemal sal moet oorgee.

Dr Jannetta Steyn se E-Posadres is jannetta@henning.org en Rudolf Henning (Stephanus Rudolf a2.b7.c8.d8.e3.e5.f1) rudolf.henning@gmail.com as u dalk met enige van hulle kontak sou wou maak.

**Vir enige donasies — die Henning Familiebond se bankrekeningbesonderhede is steeds: FNB rekening nr 6265 7601 483; tak 200 712. Lopende rekening. Gebruik u lidnommer of voorletters en van as verwysing.**



## Geldsake

Baie dankie aan ondergemelde lede wat gereeld maandeliks per debietorder ‘n bydrae vir die familiebond aanstuur. Dit is van onskatbare waarde en hou die familiebond aan die gang:

**Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, Mauritz Martin Henning van**

**Theresapark, Pretoria-Noord, mev Runa (R T) van Straaten van Pretoriuspark, Pretoria, die 92-jarige Pastoor Antonie Henning van Pretoria, mev Gesina Spangenberg van Swakopmund, Namibië en Gert Hendrik Frans Henning en sy vrou, Grietha van Bethlehem.**